## BOEKBESPREKINGS

I. Goldblatt: *History of South West Africa from the Beginning of the Nineteenth Century*. R9,75, pp. XVI, 263, met afbeeldings, bibliografie en register. Juta Kaapstad., 1971.

Dié publikasie handel oor die gekiedenis van Suidwes-Afrika vanaf die begin van die 19de eeu tot die sestigerjare van die huidige eeu, d.w.s. die periode wat gedek word deur die Blanke se koms na S.W.A., hul vestiging en die verdere verloop van hul verblyf in die gebied.

Die outeur behandel die stuk geskiedenis nie as 'n deurlopende verhaal wat by 'n bepaalde tydvak begin en dan verder ontplooi nie, maar hy konsentreer op wat hy as die belangrikste gebeurtenisse beskou. Vir hom is die oorheersende faset die inheemse volke. Dit vorm dan ook die sentrale tema van die werk. Dié tema, „The fate of the Black man", soos die outeur dit noem, is eweneens nie as 'n aaneengeskakelde verhaal daargestel nie. Dit word telkens onderbreek om bykomende gebeurtenisse daartussen te interpreteer. Die gevolg is dat die werk nie 'n sinvolle eenheid vorm nie, of 'n oorsigtelike geheelbeeld van die verloop van gebeure gee nie.

Die grootste tekortkoming van die publikasie is die eensydige en subjektiewe wyse waarop die skrywer die geskiedenis van die verhouding tussen die Blankes en Nie-Blankes aanwend. Terselfdertyd word die bloedige Nama-Herero oorloë onopsigtelik in die agtergrond gestoot. Daar is nie soseer fout te vind met die feitevoorstellings nie, as met die vertolking wat daaraan gegee word en die gebrek aan perspektief waarin dit gestel word. Belangrike gebeurtenisse word afgewater, terwyl ondergeskikte gebeurtenisse weer buite hul historiese verhouding vergroot word. Tipiese voorbeelde is die relletjie wat die Rynse sendeling, dr. Hugo Hahn, met Jonker Afrikaner gehad het, en die venynige wyse waarop die aanleidende oorsake van die Herero-oorlog gestel word. Op bladsye 184-186 word die lotgevalle van die 100 Nama's wat in 1910 as krygsgevangenes na die Kameroen gedeporteer is onder die sub-opskrif, *History repeats itself*, tot in die allerfynste besonderhede bespreek, terwyl die moorde wat die Herero's op die Blankes gepleeg het, met die volgende sin afgehandel word: "The completely unexpected outbreak of the Herero war was heralded by the murder of 123 German". Aan die ander kant weer is aangeleenthede soos Nie-Blanke-onderwys, hospitaaldienste, die bevordering van landbou, ens., aspekte wat in dié kompleks van die allergrootste belang is, verswyg of sydelings behandel. Die eensydige hantering van die hooftema het die publikasie ontdoen van sy wetenskaplike karakter. Deur die nadele van blanke bewind oor te beklemtoon, herinner die werk die leser sterk aan die Philip-tradisie van "Researches in South Africa".

Die ander belangrike gebeurtenisse word deurgaans op 'n geïsoleerde wyse behandel, en dit is soms moeilik om die onderlinge historiese verband tussen hulle te bepaal. Terselfdertyd het die outeur 'n aantal gebeurtenisse weggelaat wat beslis kwalifiseer vir opname in die werk. In dié verband word genoem die betekenis van die Kaapse handelaars gedurende die 19de eeu; die bevordering van landbou en veeteelt; die onderwys, ens. Die periode na 1920 word minder volledig behandel, en alhoewel die argiewe ná 1925 nie toeganklik is nie, is 'n meer gedetailleerde behandeling verwag van 'n juris wat die periode as inwoner van S.W.A. deurleef het.

Die skrywer het 'n deeglike en indringende studie van die bronne van die tydperk gemaak, o.a. van die Duitse argivale bronne wat in die Argiefbewaarplek van Windhoek bewaar word. Hy het ten spyte van die tekortkomings van die werk,

'n groot hoeveelheid nuwe en belangrike feite aan die lig gebring. Die werk is taalkundig deeglik versorg, behalwe enige Afrikaanse woorde wat verkeerd gespel word, bv. Groete Rivier i.p.v. Grootrivier. Die keuse van die kaarte is besonder goed, en die tabelle in die bylaes is waardevol en insiggewend.

J. H. Esterhuyse.

Hermann Rex. *Voorgeskiedenis en Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Gemeente Zeerust* (Marico). R6. Pp. 449, met talryke afbeeldings. Uitgegee deur die Kerkraad. Gedruk deur die N.H.W.-Pers, Pretoria, 1971.

Bostaande boek dra die ondertitel: *Vanaf die predikantskap van ds. Daniel Lindley (1840-1844) tot die van ds. Samuel Young (1947-1971)*, wat 'n indruk gee van die omvang daarvan.

Elke gemeentegeskiedenis lê ingebed in die wyer geskiedenis van kerk en staat, en as sodanig het elkeen dan ook waarde in sover dit feite bevat wat in 'n groter geskiedenis ingepas kan word. Tog moet elke gemeentegeskiedenis in eie reg beoordeel word en nie na die gegewens wat dit vir verder gebruik beskikbaar stel nie; m.a.w. dit moet as 'n stuk geskiedenis op sigself staan of val.

Daar is al dikwels op gewys dat 'n plaaslike of 'n streeksgeskiedenis besondere eise aan die historikus stel en beslis nie 'n maklike genre is nie. Die groot probleem is om die streeksgeskiedenis logies te laat inpas in die groter geheel. d.w.s. slegs so veel van die meer algemene geskiedenis by te haal as wat nodig is en aan die ander kant nie te veel in kleiner besonderhede te verval nie. Wat laasgenoemde betref, moet egter in aanmerking geneem word dat 'n stuk plaaslike geskiedenis vir 'n bepaalde leserskring geskryf is en dat dit gaan oor sake wat vir 'n plaaslike gemeenskap van belang is en nie soseer vir 'n groter leserspubliek nie. Dus, waar soos gewoonlik 'n historiese werk beoordeel word na die skrywer se vermoë om die belangrike van die onbelangrike te skei, daar moet in hierdie geval die oordeel nie te streng wees nie. Tog bly dit 'n kriterium waarvolgens die gehalte van 'n boek gemeet word.

Teen die boek van mnr. Rex het ek twee besware: dit is soms te wydlopend in die sin dat sake ter sprake gebring word wat nie streng by die onderwerp tuishoort nie en tweedens is daar na my smaak te veel onbelangrike besonderhede bygehaal. Wat hy beskou as die „voorgeskiedenis" van die gemeente Zeerust, kan netsowel deurgaan vir die voorgeskiedenis van Wes-Transvaal, so nie van die hele Transvaal nie. Dit behels die geskiedenis van die Franse, Amerikaanse en Engelse sendelinge in die land van die Matabele met inbegrip van die stuk Voortrekkergeskiedenis wat daar afspeel. Veral die lang hoofstuk 8 oor die lotgevalle van Lindey in Natal lyk my hier nie tersake nie.

My tweede beswaar geld veral die laaste gedeelte, wat opgesnipper is in talryke onderafdelings, elk met sy eie swartgedrukte opskrif. Dit wek die indruk asof die skrywer hom nie die moeite getroos het om al sy gegewens in 'n logiese eenheid saam te vat nie.

Die boek is tegnies nie goed afgewerk nie. Die inhoudsopgawe vind ek onbevredigend. Alleen die hoofstuktitels, van 1 tot 30, word aangegee — nie die onderhoofstukke nie — en dan sonder bladsynommers. Waarskynlik het dit by vergissing agterweë gebly. Hierdie leemte en die feit dat die boek geen indeks het nie, maak dit uiters moeilik om iets weer terug te vind — en daar is ongetwyfeld baie interessante feite wat 'n mens om een of ander rede weer sal wil naslaan; m.a.w. die bruikbaarheid van die boek is deur genoemde leemtes erg gekortwiek.

Die boek bevat onteenseglik baie interessante wetenswaardighede. By tye vorm dit boeiende leesstof en gee dit 'n goeie insig in die geestelike lewe op die Trans-

# Bismarck and Europe

W. N. MEDLICOTT and DOROTHY COVENEY

*Documents of Modern History*

A wide selection of extracts from speeches, diplomatic documents and private letters illustrate Bismarck's dexterity in obtaining advantage for his country, and shows his outstanding diplomatic skill in detailed negotiations, both in the early and later parts of his career.

BOARDS R6,15
PAPER R3,25

# Lenin

M. C. MORGAN

Largely through the words of Lenin himself, his friends and revolutionary contemporaries, the author builds up a picture of the man as an interpreter of Marxist thought and as a leader capable of inspiring the national movement towards realisation of Marx's ideals.

R6,95

# Medieval Civilization in Western Europe

V. H. H. GREEN

This is one of the most comprehensive and wide-ranging syntheses of scholarship and knowledge ever published on medieval European society. It will be widely welcomed both as an essential work of reference and as a readable and penetrating account of its subject.

R13,25

*For a full catalogue of our titles contact: Mrs. B. Chance, BOOK PROMOTIONS (PTY.) LTD., 311 Sanlam Centre,*

*Main Road, Wynberg, Cape.*

Edward Arnold

25 Hill Street, London W1X 8LL

vaalse platteland. Veral lesenswaardig is die beskrywing van die botsing tussen ds. Lion Cachet en kommandant Jan Viljoen in die dae van die kerkvereniging, wat hier vir die eerste keer breedvoerig weergegee word, maar dan ongelukkig meer as 'n bykomende insident en nie as 'n geïntegreerde deel van die hele geskiedenis nie. Vermeldingswaardig is die magdom foto's wat in die werk opgeneem is, sommige weer nouliks tersake maar almal interessant.

Van die kant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is daar seker heelwat op te merk oor mnr. Rex se oorbeklemtoning van alles wat „Hervormd" is of van wat hy as „Hervormd" beskou, maar daaroor wil ek my nie uitlaat nie.

F. J. du T. Spies.

Smith, Anna H.: *Johannesburg Street Names. A Dictionary of Street, Suburb and Other Place Names, Compiled to the end of 1968*. Pp. 629. Juta, Kaapstad, 1971. R16,00.

Hierdie werk oor die herkoms van die name van verskeie Johannesburgse strate, voorstede, parke en openbare oorde, bestryk die eerste tagtig jaar van die Goudstad se geskiedenis en is in meer as een opsig ineengestrengel met die lotgeval van sommige van die kleurryke persoonlikhede wat met sy ontstaan en ontwikkeling gemoeid was. As geheel is die gegewens deel van die verhaal van die „standplaasdorpie" op die kaal veld wat binne 'n paar dekades tot 'n groot en polsende stad gegroei het.

Die opsteller is die welbekende Johannesburgse bibliotekaresse, mej. Anna Smith, wie se omvangryke kennis van ons vaderlandse geskiedenis en historiografie haar by uitnemendheid bevoeg maak vir so 'n taak. Sy het diep gedelf om alle moontlike gegewens oor haar onderwerp bloot te lê. Alle toegangklike argivale bronne, ou kaarte, sketse, transporte, maatskappy- en koerantverslae is geraadpleeg. Daarby is inligting verstrek deur persone in baie wêrelddele met belange in of konneksies met Johannesburg. Die waarde van die werk word onteenseglik verhoog deur die aanduiding van die bronne waaraan die opsteller haar inligting ontleen. In hierdie verband is dit 'n waardevolle naslaanwerk vir navorsers oor Johannesburg se geskiedenis en veral dié deel van sy geskiedenis vóór 1900 waarvan so veel reeds verlore gegaan het.

Interessante inligting oor die naamgewing van plekke in Johannesburg word verstrek. Om 'n enkele voorbeeld te noem: H. B. Marshall en 'n paar vriende het vir 'n appel en 'n ei die kaal stuk grond gekoop wat vandag as Marshalltown bekend is. Die landmeter Simmonds is opdrag gegee om die standplase en strate uit te lê. Een namiddag, oor 'n glasie bier, het die vennote besluit om die strate en dorpsgebied na hulle self te vernoem.

Die opsteller wys ook op „foute" wat by die naamgewing ingesluip met, bv. in die geval van Pollystraat. Die tekenaar moes klaarblyklik *Dollystraat* skryf (n.a.v. die primitiewe delwerstoerusting), wat vanselfsprekend beter inpas by ander straatname soos Quartz-, Claim- en Nuggetstraat in dieselfde omgewing. Ook wanopvattings oor die herkoms van strate word uit die weg geruim. So is daar die geval van Troyestraat wat nie, soos algemeen aanvaar word, na die klassieke Troje vernoem is nie, maar wel na 'n sekere Troye, een van die vroegste landmeters in Johannesburg.

'n Laaste brokkie inligting verdien spesiale vermelding. In September 1902 het die munisipaliteit besluit om die straat name in die sentrale stadsgebied te verander. Die vorneme was om dié strate vanaf Pretoriabrug te nommer as North First Street, South First Street, East First Street, West First Street, ens. Dit het egter so 'n storm van protes ontketen, veral onder ou ingesetenes, dat die

stadsraad sy besluit moes herroep. So het straatname soos Eloff-, Kerk-, Mark- en Rissikstraat, wat intiem verbonde is aan die geskiedenis van die Zuid-Afrikaanssche Republiek, behoue gebly..

Mej. Smith se werk onderstreep die feit dat daar nog baie onontgonne velde, veral betreffende plaaslike geskiedenis is. Daar is helaas ook so min opgeteken in hierdie verband.

Die onderhawige studie behoef geen aanbeveling nie. Ten spyte van die prys sal dit op die verlanglys van elke Johannesburger, maar ook van elke historikus en student verskyn. Dit is 'n waardevolle toevoeging tot die bestaande historiese lektuur, meer besonderlik oor die vroeë en romantiese dae van Johannesburg. Daarby is dit vlot en onderhoudend geskryf, en die opsteller het nogal heelwat verbeeldingskrag aan die dag gelê. 'n Mens kan maar net vertrou dat ons ander stede en dorpie hierdie voorbeeld sal navolg.

A. P. J. van Rensburg.

Wand. J. W. C.: *A History of the Modern Church from 1500 to the Present Day.* Pp. 279. Methuen, 1971. Indeks. Kaarte.

Hierdie werk is oorspronklik in 1929 geskryf, en het sedertdien talle herdrukke beleef. Die onderhawige uitgawe is die eerste sagteband-uitgawe van dié werk. Die skrywer stel reeds in die voorwoord die gekompliseerdheid van sy taak. 'n Skrywer van die Middeleeuse kerkgeskiedenis het hoofsaaklik te doen met een algemeen verspreide godsdiensopvatting.

Die eenheid van die kerk is gedurende die sestiende eeu verbreek en daarna het ons te make met 'n groot aantal beskouings wat die taak van kerkgeskiedenis bemoeilik.

Die skrywer gee slegs 'n oorsig van die ontwikkeling van die kerk vanaf 1500 tot aan die begin van die twintigste eeu. Uit die aard van die saak laat so 'n oorsig nie veel plek vir detail nie. Daar word ook nie genoeg aandag gegee aan die opkoms van godsdienstige splintergroepe nie.

Die hoofstuk oor die moderne sending laat veel te wense oor. Dit is gans te oorsigtelik, en dan word van die belangrikste genootskappe nie een vermeld nie. As die skrywer die sending in Suid-Afrika bespreek, noem hy slegs die Londense Sendinggenootskap, hoewel die Berlynse Sendinggenootskap 'n veel groter bydrae gelewer het. Sy bewering op p. 277 dat die Boere tweehonderd Bantoe-kinders van Livingstone se sendingstasie as slawe gebuit het, bewys die skrywer se oningeligtheid ten opsigte van die situasie in Suid-Afrika.

D. W. van der Merwe.